
# SÊ JOU SÊ!

# VOORGESTELDE TYDSGEBONDE EENRIGTINGOMSKAKELING VAN VERSKEIE PAAIE RONDOM LAERSKOOL SUN VALLEY IN SUN VALLEY

Die Stad Kaapstad se direktoraat stedelike mobiliteit nooi inwoners, ouers en padgebruikers om kommentaar te lewer oor 'n voorstel om 'n tydsgebonde eenrigtingselstel rondom Laerskool Sun Valley vanaf Coraclestraat in die rigting van Bigantinelaan in te stel. Hierdie voorstel het ten doel om verkeersvloei te verbeter, veiligheid te bevorder, en 'n meer georganiseerde padomgewing rondom Laerskool Sun Valley te skep, wat 'n area met baie kwesbare padgebruikers daagliks tydens aflaai- en oplaaitye is. Deur deelname aan hierdie proses kan jou insigte en terugvoering 'n veiliger, meer doeltreffende buurt vir almal help vorm.

**Verwys asseblief na die gebiedskaart vir die voorgestelde omskakeling na 'n eenrigtingpad.**




**Die voorstel sluit in:**

- Implementeer 'n tydsgebonde eenrigtingpad in Coraclestraat in die rigting van Brigantinelaan
- Voorgestelde inham in die padreserwe van Coraclestraat vir 'n op- en aflaaiplek
- Voorgestelde inhamme voor die skool vir 'n op- en aflaaiplek in Brigantinelaan
- Voorgestelde universele togang by die verhoogde voetoorgang en sypaadjie in Corvettelaan en inham aan die oorkant van die pad

**Belanghebbende en geraakte partye kan die tegniese verslag en voorgestelde uitleg besigtig of aflaai by www.capetown.gov.za/haveyoursay of www.capetown.gov.za/collaborate**

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belangstellende partye of groepe die geleentheid gebied om van **17 Augustus tot 17 September 2026** kommentaar, aanbevelings of insette aan die munisipaliteit te rig.

**Kommentaar, aanbevelings en insette kan soos volg ingedien word:**
**E-pos:** Urbanmobility.CT@capetown.gov.za (meld verwysing 110262705)
**Aanlyn:** www.capetown.gov.za/haveyoursay and www.capetown.gov.za/collaborate of skandeer die QR-kode
**Skriftelike voorlegging:** Eenheid vir openbare deelname, 3de verdieping, Podium-gebou, Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad, 8001
**Subraad 19:** Munisipale kantore, Sentrale Sirkel, uit Recreationweg, Vishoek
**Biblioteek:** Vishoek- openbare biblioteek, Sentrale Sirkel, Vishoek
**Inligtingsdag:** Woon 'n openbare inligtingsdag by op 27 Augustus 2026 van 12:00-15:00 by Laerskool Sun Valley, Brigantinelaan, Sun Valley

Spesiale bystand sal gegee word aan mense wat nie kan lees of skryf nie, mense met gestremdhede en benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, om hulle insette of kommentaar aan te teken en by die munisipaliteit in te dien.

**Indien jy enige vrae het oor hoe om jou kommentaar in te dien, kontak asseblief vir Anthea Bendie van die eenheid vir openbare deelname by 021 400 1450 of Anthea.Bendie@capetown.gov.za.**

**Rig tegniese navrae oor die voorstel aan Tim de Villiers by Timothy.DeVilliers@capetown.gov.za.**

**Let wel:** Versoeke vir nuwe verkeersmatigingsmaatreëls moet by die betrokke subraadskantoor ingedien word.

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA177/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.